Slegs vir Dieregebruik

RESPISURE®
Reg. Nr. G 3358 Wet 36/1947
Namibia: N-SR 0710
Zimbabwe: E97/80.23.14/9469

INDIKASIES:
RespiSure is vir die inenting van gesonde varke as 'n hulpmiddel in die voorkoming van chroniese pneumonie veroorsaak deur *Mycoplasma hyopneumoniae.*

FARMAKOLOGIESE WERKING:
RespiSure is 'n vloeibare, monovalente bakterien wat die immuunsisteem van varke van alle ouderdomme stimuleer en dien as 'n hulpmiddel in die voorkoming van chroniese pneumonie veroorsaak deur *Mycoplasma hyopneumoniae.*

BERGINGS AANWYSINGS:
Bêre tussen 2 °C en 7 °C. Moet nie bevries nie. Moet nie aan direkte sonlig blootstel nie.

SAMESTELLING:
RespiSure is 'n chemies-geïnaktiveerde, vloeibare, bakterien entstof wat 'n heel selkultuur van *Mycoplasma hyopneumoniae* bevat. Dit is gekoppel aan 'n unieke olie adjuvant, Amphigen wat die immuunreaksie versterk en verleng sonder om merkbare weefselskade by die inspuitplek te veroorsaak.

WAARSKUWINGS:
Moet nie inent binne 21 dae van slagting nie.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
Indien anafilakse of hipersensitiwiteit na gebruik voorkom, dien adrenalien of ekwivalent toe. Sonder sodanige behandeling mag erge reaksies lei tot die dood.
Hierdie entstof is doeltreffend bewys maar sommige varke mag nie in staat wees om 'n voldoende immuunreaksie te ontwikkel of te onderhou na inenting nie. Dit mag gebeur as hulle bv. enige ander siekte inkubeer, ondervoed, geparasiteer of gestres is deur vervoer of swak omgewingstoestande of op enige manier immuunonderdruk is.
Alhoewel hierdie entstof breedvoerig onder `n wye verskeidenheid van toestande getoets word, mag dit faal a.g.v. verskeie redes. Indien dit vermoed word verwittig die registrasiehouer.

VOORSORGMAATREËLS:
Gebruik die totale inhoud nadat eers oopgemaak is.
Steriele spuite en naalde moet gebruik word om die entstof mee toe te dien. Moet nie met chemikalië ontsmet nie aangesien spore daarvan die entstof mag inaktiveer.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Gebruik slegs soos aangedui.
Algemene aanbevelings: Vir die beste resultate word die inenting van al die varke in 'n kudde aanbeveel. Skud goed en dien asepties twee, 2 ml dosisse *binnespiers* ten minste 2 weke uitmekaar, toe.
***Primêre inenting*:** Gee 'n enkele 2 ml dosis aan varkies van ongeveer 1 week ouderdom opgevolg met 'n versterker inspuiting 2 weke later. Dragtige sôe kan met veiligheid 6 weke en weer 2 weke voor jong ingeënt word om kolostrale en passiewe immuuniteit te verstrek.
***Herinenting*:** Dragtige sôe behoort 2 weke voor jong ingeënt te word. Bere moet twee keer per jaar ingeënt word.

IDENTIFIKASIE:
RespiSure is 'n vloeibare, bakterien verpak in 'n 100 ml (50 dosis) dowwe wit plastiek- of glasbottel.

AANBIEDING:
100 ml bottel bevattende 50 x 2 ml dosisse verpak in ‘n verskepingshouer met ‘n voubiljet ingesluit.

REGISTRASIEHOUER:
Pfizer Laboratories (Pty) Ltd.
(Reg. Nr. 1954/000781/07)
Bute Laan 85, Sandton, 2196.
Posbus 783720, Sandton, 2146
Suid Afrika
Vir meer inligting skakel: ☎ (011) 320-6000